higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LOODGIETERSWERK
NQF VLAK 3

(12030373)

7 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

372Q1N2007

Copyright reserved

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Answer all the questions.

2. Beantwoord al die vrae.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.

5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: KOUEWATERRETIKULASIE

1.1 Watter doel dien ’n watermeterdiens in huishoudelike of sakegeboue? (2)

1.2 Wat is ’n goeie beskrywing van ’n indirekte kouewatertenk? Noem minstens TWEE feite. (2)

1.3 Noem SES faktore wat oorweeg moet word in die besluit oor ’n geskikte deursnee vir die loodgieterpyp wat in ’n kouewaterstelsel gebruik sal word. (6)

1.4 Hoe word die nominale groottes van elk van die volgende pype gemeet?

1.4.1 GSS(‘GMS’)-pype (1)

1.4.2 Koperpype (1)

1.5 Noem DRIE voordele van ’n isometriese skets wanneer materiale bereken word. (3)

1.6 Waarna verwys die volgende terme?

1.6.1 Staande water (1)

1.6.2 Invreting (‘pitting’) (1)

1.6.3 Wrywingsverlies (‘friction loss’) (1)

1.7 Gee ’n beskrywing vir:

1.7.1 ’n Buigsame hanger (1)

1.7.2 ’n Vaste (‘rigid’) hanger (1)

[20]

VRAAG 2: WARMWATERRETIKULASIE

2.1 Noem VIER feite om aan te dui waarom ’n besteklys (‘bill of quantities’) nodig is wanneer waterwaterstelsels vir huise geïnstalleer word. (4)

2.2 Noem VYF voordele van ’n kombinasiegeiser. (5)

2.3 Waarom is die volgende SANS-regulasies belangrik wanneer ’n warmwater-retikulasiestelsel en ’n geiser geïnstalleer word? (3)

2.4 Wat is uitsitvoeë (‘expansion joints’)? (2)

2.5 Gee SES werkbeginsels van ’n deurdruk- warmwatergeiser (‘push-through hot-water geyser’). (6)

[20]

VRAAG 3: BOGRONDSE (‘ABOVE-GROUND’) DREINERINGSTELSELS

3.1 Noem VYF sanitêre toebehore (‘fixtures’) en gee die afkorting van elk. (5 × 2) (10)

3.2 Noem VIER stowwe wat gebruik kan word vir die vervaardiging van rioolpype (‘drainpipes’). (4)

3.3 Wat gebruik loodgieters gewoonlik om pype aan mure vas te maak? (1)
[15]

VRAAG 4: SANITÊRE INSTALLASIE

4.1 Watter soort stof en deursnee is die geskikste vir die vuilwaterpypwerk onder ’n stortvloer? (2)

4.2 Noem VYF van die stappe wat gevolg moet word in die voorbereiding van die bedding en messelwerk vir die installasie van ’n konvensionele bad op die vloer. (5)

4.3 Noem DRIE metodes wat gebruik kan word om die watertoevoer met ’n urinaal te verbind. (3)

4.4 Wat is die doel van ’n spatplaat (‘splashback’) en watter soort stof kan vir die vervaardiging daarvan gebruik word? (4)

4.5 Waarom is dit nie nodig om ’n spoellatrine (‘water closet’) met ’n waterslot-sperder (‘water-seal trap’) toe te rus nie? (1)
[15]

VRAAG 5: REËNWATERSTELSEL

5.1 Noem VIER voordele wat ’n loodgieter het wanneer hy uPVC-afvoerslote (‘gutters’) vir ’n reënwaterstelsel gebruik. (4)

5.2 Noem AGT stappe in die metode om veselsementafvoerpype en toebehore te verbind. (8)

5.3 Beskryf die funksie van ’n reënwaterstelsel deur middel van minstens DRIE feite. (3)
[15]

VRAAG 6: ONTLUGPYPSPOELING ('VENT-PIPE FLUSHING')

6.1



Benoem die komponente van die gegewe skets en skryf slegs die antwoord langs die nommer in jou ANTWOORDBOEK. (7 × 1) (7)

6.2 Noem die DRIE metodes wat gebruik kan word om patrone in plaatmetaalwerk te ontwikkel. (3)

[10]

VRAAG 7: SLOOTGRAWERY, UITGRAWING EN SLOOTBESTUTTING

7.1 Noem 'n minimum van DRIE regulasies om te verduidelik waarom dit belangrik is om die kante van slootuitgrawings te ondersteun ooreenkomstig die regulasies van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid . (3)

7.2 Wat word bedoel met die uitgrawing van slote volgens lyn en vlak ('*to line and level')*? (2)

[5]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou